Tabel 1. Stappe van analise

Beplande stappe	Stappe uitgevoer	Aangepaste stappe
1. Kies van tydskrifbydraes		
i. Lees en kies van tydskrifbydraes. ii. Herlees van tydskrifbydraes. iii. Skandeer van gekose tydskrifbydraes. iv. Oplaai van tydskrifbydraes op ATLAS.ti.	✓ ✓ ✓ ✓	
2. Kodeerproses		
i. Ses oorspronklike kodes is geskep. ii. Datasegmente is gemerk en dan aan kodes toegewys. iii. Deurlopend word nuwe subkodes geskep. iv. Friese (2016) se benadering tot die organisering van kodes is gevolg. v. Kodes is deurlopend gedefinieer vir konsekwentheid. vi. Die notuleringsfunksie is deurlopend gebruik. vii. Die kodeerproses se stappe is herhaal tot elke tydskrifinsetsel gekodeer is.	✓ ✓ ✓ ✓ ✓ — ✓	• Die notuleringsfunksie is nie tydens die kodeerproses gebruik nie.
3. Konteks en visuele skemas		
i. Die kodeerproses word herlees om skematiese voorstellings in die vorm van vloeidiagramme op te stel. ii. Internasionale en nasionale sosio-ekonomiese en politieke gebeurtenisse word op die vloeidiagramme aangedui wat moontlik met analise in ag geneem moet word.	✓ ✓	
4. ATLAS.ti-funksies		
i. ’n Netwerk vir elke hoofkode word geskep. ii. Alle datasegmente is op die netwerk ingevoeg. iii. Die ondersoekfunksie is gebruik om gemeenskaplike datasegmente en kodes aan te dui. iv. Aangeduide skakels is op die netwerke aangebring.	✓ — ✓ ✓	• Datasegmente is nie op die netwerke ingevoeg nie.

Beplande stappe	Stappe uitgevoer	Aangepaste stappe
v. ’n Woordwolk van elke hoofkode word geskep.	—	• Die woordwolkfunksie is nie gebruik nie.
vi. ’n Grafiek van Saamvoorkom-kodes van elke hoofkode word geskep.	✓	
5. Analise en bespreking		
i. Statistiek en agtergrond van elke hoofkode wat betref digtheid, gegrondheid en aantal toegekende datasegmente per tydskrif en tydskrifinsetsel word uitgelig. Hierdie inligting is ’n opsomming van stappe 4, I–VI.	✓	
ii. Die aanvanklike data-analise begin deur elke datasegment wat aan die tema se hoof- en subkodes toegeken is, in die konteks van die tydskrifinsetsel te analiseer volgens substappe wat opgestel is uit ’n multimodale kritiese diskoersanalitiese benadering. • Hoofstuk 4: 4 substappe • Hoofstuk 5: Liggaam en seksualiteit • Liggaam: 3 substappe • Seksualiteit: 3 substappe • Hoofstuk 6: 3 substappe	✓	• Die teksanalitiese werkswyse van elke tema verskil na gelang van die datastel se grootte en verskeidenheid.
iii. Resultate van die data-analise (die onderskeie substappe van elke hoofstuk) is herlees om gemeenskaplike temas te identifiseer en ’n grafiek op te stel.	✓	
iv. Die grafiek van die Saamvoorkom-kodes is gebruik om die bepaalde temas te ondersteun of te bevraagteken.	✓	
v. Die bespreking van die multimodale kritiese diskoersanalise (met die inagneming van relevante teorie en literatuur) word volgens die gemeenskaplike temas uiteengesit.	✓	